## KONTAKBESONDERHEDE


Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Franco | Meyer | 11/30 |
| Stephen | Trollip | 11/30 |
| Jannie | Marais | 12/01 |
| Nicolene | Vos | 12/01 |
| Hennie | Mostert | 12/02 |
| Megan | van Wyk | 12/02 |
| Junia | van Zyl | 12/03 |
| Ben | Visser | 12/03 |
| Pieter | Reichert | 12/05 |
| Locky | Swart | 12/05 |
| Zyda | Herfurth | 12/06 |
| Lorraine | le Roux | 12/06 |
| Jos | Stemmet | 12/06 |
| Esmè | van Reenen | 12/06 |
| Ansie | van Renen | 12/06 |
| Cilliers | Willemse | 12/06 |

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

30 November 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 30/11**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Kategese
Spesiale kollekte:
Instandhouding
**Dinsdag**
14h00 Klerebank
**Woensdag**
09h30 Dagbestuur
**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid

**EREDIENSTYE 7/12**
09h30 L'Agulhas
Kategese
Sinodale kollekte:
Teologiese Kweekskool

**LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD** op die Kerkraadsvergadering van 25 November 2025:
Leier Batebestuur-Schalk Pienaar
Leier Barmhartigheid-Erika Steyn.



Ons Kerssangdiens, getiteld *EENVOUD*, vind plaas op Sondag, 21 Desember. Merk jou kalender sodat jy weer opnuut kan hoor dat die weelde van Kersfees in die eenvoud daarvan lê.

**Vir ons kinders**

Ek skyn
Ek gloei
Ek laat my liefde vloei
Selfs as ek met probleme stoei.
Ek lag
Gee om
Rig my gebed aan Hom
God's lig in my skyn oralom!

**Teksvers vir die week:**
Matt 5: 14 - Julle is die lig vir die wêreld....

## Ons bid vir...

1. Mense wat slegte nuus ontvang het.
2. Suidpuntkoor wat vanoggend optree tydens die Nagmaaldiens.
3. Christa-Marié en Karin wat die koor laat optree.
4. 'n Veilige aankoms in Riviersonderend vir vanaand se optrede in hulle gemeente.
5. Die instandhouding van ons gemeente se bates.
6. Elke lid en gas van ons gemeente en hulle naasbestaandes.
7. Julian en Anine Joubert.

## Dankie vir:

1. Kategete wat moeite doen met ons kinders.
2. Kerkraadslede en hulle gades.
3. Diensgroepleiers.
4. Versorgers.
5. Onderlinge liefde en ondersteuning.
6. Familie, vriende en om deel te wees van 'n kerkfamilie.
7. Produkte vir ons noodfonds.
8. Die koor wat vanoggend deelneem aan ons Nagmaalviering.



## Kersvader kom kuier!

Kersvader kom kuier weer vir die kinders op **Dinsdag, 23 Desember, vanaf 17:00 by die NG kerk in L'Agulhas.**
Pa's en ma's, oupas en oumas word uitgenooi om die informele geleentheid by te woon en te deel in die pret.
*Ons is baie opgewonde om iets totaal nuut en vars aan te bied! Ons geleentheid speel af op die grasperk langs die kerk. Jy is welkom om jou eie kampstoel te bring, of jy kan 'n saalstoel gebruik.*
Indien die weer nie geskik is nie, sal ons net na die saal skuif.
Koop 'n geskenk, draai dit toe en MERK DUIDELIK (Kind se **NAAM en VAN**) ) wie die geskenk moet ontvang. Die geskenke kan afgegee word by die NG-Kerkkantoor in Struisbaai tussen 8:00 en 12:00 soggens. Die sperdatum hiervoor is Vrydag 19 Desember.
Merk die datum, versprei die nuus en kom woon dit by!
Daar wag 'n HEERLIKE VERRASSING vir die kinders! Jy sal spyt wees as jy dit misloop!
Navrae Max Michau by 0835571300.

## Doen & Deel

### ADVENT

Vandag vier ons eerste Advent. Advent beteken naderende koms in Latyn; afgelei van ADVENTUS DOMINI (naderende koms van die Here). Christene berei hulle voor vir Kersfees in adventtyd vir Jesus se geboortedagviering.
Advent herinner ons ook aan Jesus se verwagte wederkoms. Die nuwe liturgiese jaar (kerkjaar) word begin met die eerste Advent.
Vir vier weke voor Kersfees word daar elke Sondag een van vier kerse aangesteek, wat in 'n kring gerangskik is as adventkrans. Die eerste Sondag word net een blou of pers kers aangesteek. Daar is 3 bloues en een pienke. In die middel van die krans staan 'n wit kers.
Die sirkel dui Christus se ewigdurende liefde aan, asook sy bestaan vir ewig en ewig.
Die kerse se lig simboliseer die lig van God wat deur Christus die wêreld ingekom het en dat lig duisternis verdryf.
Week 1 se blou kers simboliseer HOOP wat Christus se koms tot uitwerking het. Mag ons nadink oor die hoop wat Christus bring, maar mag ons ook self hierdie hoop uitleef.
Kom ons steek by mekaar kers op (vra by iemand raad; soek inligting) om meer en meer soos Jesus te word en hoop te bring aan mense om ons en dié daar ver.

### SUIDPUNTKOOR SING VANDAG!

Bring jou vriende en familie na die 09h30-diens in Struisbaaikerk. Ons koor sing niks minder as 5 liedere vir julle nie! Ons koorleier, Christa-Marié, en begeleier, Karin, is van hoogstaande gehalte. Met 40 koorlede wat sing, beloof dit om 'n genotvolle, luisterryke oggenddiens te wees. Alle eer aan die Here! Ons wil hom loof en prys!

